



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inouurelc Rede nr. 90

DIE WESE VAN STADS- EN STREEKBEPLANNING

G.L. van Heerde

Die Sentrale Publikasie-afdeling
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
1982.

DIE WESE VAN STADS- EN STREEKBEPLANNING

ALGEMEEN

Beplanning as 'n aktiwiteit word daaglik in 'n meerdere of mindere mate deur meeste mense beoefen. Soms vind die aktiwiteit onwillekeurig plaas soos in die organisering van dinge wat die gewone dagtaak raak. Soms vind dit doelbewus plaas soos in die opstel van 'n reisprogram of in die opstel van 'n huishoudelike begroting. Hoe meer gekompliseerd die lewe van mense of die opset van instansies is hoe meer bestaan daar 'n behoefte aan beplanning of soos Bruton (1974, p. 7) dit stel "n prosedure waarvolgens dinge vooraf gereël kan word".

Volgens Glikson (1955, p. 7) beteken die woord beplanning "n geestelike voorbereiding vir handeling of optrede". In sy verdere formulering van die begrip verwys hy dan na Benton McKay wat dit gestel het dat "elke doelbewuste handeling ... eers in die gedagte-wêreld oorweeg en gerepeteer moet word voordat dit fisies uitgevoer kan word".

In 1947 het die gidskomitee vir Streekbeplanning by 'n simposium oor die onderwerp aan die Yale-Universiteit in die VSA 'n omvattende definisie van beplanning geformuleer. Daarvolgens is beplanning "n rasonale aanpassing van middele tot 'n doel, 'n proses van denke, 'n werksmetode, asook die wyse waarop die mens gebruik maak van sy verstand. Die funksie van beplanning is dan ... om die verwagtings van die toekoms op 'n duidelike wyse en so realisties moontlik vooruit te loop, om voorsiening te maak vir strewes, waarskynlikhede te bepaal ... en verskillende alternatiewe moontlikhede te evalueer ..." Beplanning is ook volgens die komitee "n metode om toekomsverwagtings te bepaal en deur toepassing te realiseer en is onontbeerlik vir enige doeltreffende optrede in alle aspekte van die lewe" (vgl. Mallows, 1971, p. 11).

FISIESE BEPLANNING

Almal wat beplan is gemoed met die toekoms. Almal beplan egter nie vir dieselfde dinge nie en beweeg nie op dieselfde beplanningsterreine nie.

Die terrein van die stads- en streekbeplanner hou hoofsaaklik verband met die ruimtelike of fisiese en kan beskou word as 'n spesiale geval van algemene beplanning (Hall, 1976, p. 7).

Verskillende vorms van fisiese beplanning word al van die vroegste eeue af toegepas. Die Egiptenare van meer as drieduisend jaar voor Christus het reeds niks vreemds gesien in die opstel van stadsuitlegte nie. Vir die Grieke van vyf eeue voor Christus was die groepering van wonings en die doelbewuste koördinerings van verskillende onderdele van 'n stad om 'n harmonieuse geheel te vorm algemene praktyk. Die Romeinse bevelvoerders was as deel van hul standaardtoerusting voorsien van voorafopgestelde planne vir die uitleg van militêre kampe (wat as basis gedien het vir menige latere stad) (Bell c.a., 1972, pp. 9–10). In die Middeleeue was etlike stede ook doelbewus beplan en uitgelê met die oog op verdediging.

Vergeleke met die hedendaagse konsep van fisiese beplanning was dit in die verre verlede 'n eenvoudige aktiwiteit. Vroeëre gemeenskappe was relatief gesproke maar klein en die stedelike komponente was nie so onderhewig aan beïnvloeding van die vele tegnologiese ontwikkelings wat die moderne samelewing en gevolglik ook die stede van vandag gekompliseerd maak nie.

Die grondslag vir die begrip van fisiese beplanning soos dit vandag verstaan word, is gedurende die industriële revolusie gelê en daarna uitgebou. Die industriële revolusie het in die westerse wêreld bygedra tot 'n tempo van verstedeliking wat tot op daardie stadium ongekend was. Dit het gelei tot hagleike lewensomstandighede van 'n massa mense vir wie daar in die stede van die tyd nie vinnig genoeg en op 'n ordelike wyse voorsiening gemaak kon word nie. Aanvanklik het veral sosiale hervormers teorieë geformuleer oor hoe stede fisies beplan moes word om probleme soos oorbewolking, armoede, swak gesondheid, werkloosheid, gebrek aan sanitêre geriewe en onvoldoende woongeriewe te voorkom. Van die eerste kenners op die terrein soos Geddes, het die teorieë verdere ontwikkel. Hulle het ingesien dat suksesvolle beplanning nie net gemoeid moet wees met fisiese aspekte nie maar ook met die lewe en aktiwiteite van mense (Bruton, 1974, p. 9). Geddes het dit veral beklemtoon dat daar 'n noue verband asook 'n

wisselwerking bestaan tussen mense, werk en plek en sy teorieë oor stede en die beplanning daarvan op grond van hierdie noue verband uitgebou (Geddes, 1968).

Teen die begin veertiger jare en daarna is meer en meer besef dat die stad nie in isolasie beskou kan word nie maar dat dit 'n integrerende deel uitmaak van 'n streek en dat "... om doeltreffend te beplan die streek en die stad saam beskou moet word" (Potgieter, 1979, p. 3).

Met herhaalde toepassing van fisiese beplanning as 'n aktiwiteit het daar telkens nuwe lig opgegaan oor wat die begrip inhou en wat in ag geneem moet word in die uitvoering van die aktiwiteit. Trouens veral omdat stads- en streekbeplanning nog 'n betreklik jong dissipline is, ontwikkel nuwe denkrigtings daarvoor nog steeds.

Met verloop van tyd het dit ook duideliker geword dat fisiese beplanning nie beskou kan word as "'n enge dissipline in die negentiende eeuse sin nie" maar eerder soos Rose (1974, pp. 26–27) dit stel "beskou moet word as 'n kerngebied binne 'n breëre studieveld waarin verskillende ander dissiplines saamloop en oorvleuel". Rose beskou fisiese beplanning ook as "'n multidimensionele aktiwiteit wat integrerend behoort te wees en maatskaplike, ekonomiese, politieke, psigologiese, antropologiese en tegnologiese faktore moet omvat". Die universum waarin die taak van geïntegreerde fisiese beplanning dan volgens hom gestruktureer moet word bestaan uit "die mens, die gemeenskap, die natuur en die tegnologie". Gerig op die toekoms beskou hy ook die doel en metodes van fisiese beplanning as wesenlik gemoeid met die bevordering en verbetering van die omstandighede waarin die mens hom bevind. Hy gee toe dat daar moontlik min eksaktheid of suiwerheid in so 'n beskouing van die studieveld kan bestaan maar voer aan dat "fisiese beplanners soos ander beroepslui betrokke is in aktiwiteite waarin hulle glo". Opsommend beskou Rose die belangrikste beoogde eienskappe van die soort beplanning as:

- “(a) . Integrerend in benadering en multidissiplinêr van aard;
- (b) Normatief en selforiënterend, gemoeid met keuses, voorkeure en

strewes;

- (c) Vatbaar vir verandering met voortdurende aanpassing tot oogmerke en middele, voorkeure en strewes;
- (d) Demokraties en oop vir deelname;
- (e) Gebaseer op voldoende inligting, met inagneming van moontlike alternatiewe handelswyses of optredes”.

Die sentrale tema van dié soort beplanning bly egter hoofsaaklik ruimtelik van aard. Hoewel die fisiese beplanner dikwels met dieselfde aspekte te make het as byvoorbeeld die ekonomiese beplanner of die maatskaplike beplanner beskou hy dié aspekte uit die oogpunt van hul besondere ruimtelike inslag (Hall, 1976, p. 8).

DIE BEPLANNINGSPROSES

In meeste lande is ruimtelike beplanning, en veral stadsbeplanning vir baie jare uitgevoer in die fynste besonderhede. Dit het dikwels gelei tot die opstel van gedetailleerde grootskaalse kaarte wat die presiese ligging van alle grondgebruike en aktiwiteite aangetoon het. Sedert 1960 word egter meer gekonsentreer op breë beginsels as op fynere besonderhede en word ook meer klem gelê op die prosesse wat gevolg moet word ter bereiking van vooropgestelde strewes in die verband (Hall, 1976, p. 7).

Die proses waarvolgens fisiese beplanning vroeër uitgevoer is, is gebaseer op die algemene patroon soos voorgestel deur Patric Geddes (Hall, 1976, p. 12). Kortliks bestaan so 'n proses uit drie stappe:

Die eerste stap of die opnames behels die insameling van tersake inligting rakende die ontwikkeling van 'n besondere stad of streek;

In die tweede stap of die analise word die inligting volgens die patrone van die hede en die verlede ontleed om te bepaal hoe die gebied aan die verander en ontwikkel is en word die neigings sover as moontlik in die toekoms geprojekteer;

In die derde of finale stap word die feite en die interpretasie daarvan soos

bepaal en geprojekteer in die opname en analise in ag geneem in die opstel van 'n plan wat ten doel het die regstelling van gebreke en die beheer van neigings volgens gesonde beplanningsbeginsels.

Hoewel die proses met verloop van tyd uitgebou is om onder andere meer stappe in te sluit, is dikwels volstaan by die eenmalige uitvoering van die proses of hoogstens aanvaar dat die proses periodiek herhaal moes word om vas te stel hoe nuwe verwickelinge die analise en projeksies beïnvloed en hoe planne aangepas kan word om vir veranderingsvoorsiening te maak. In die jongste tyd word meer klem gelê op beplanning as 'n voortdurende sikliese proses waarin die beginsels van kubernetika of stuurmanskap toegepas word. Dit behels onder andere die ontwikkeling van 'n inligtingsstelsel oor die ondersoekgebied wat soos die gebied ontwikkel en verander voortdurend op datum gehou word. Op grond van nuwe inligting word projeksies dan aangepas en alternatiewe toekomstige ontwikkelings gebaseer op verskillende moontlike beleidsrigtings word gesimuleer en geëvalueer in die lig van die strewes en oogmerke wat ook voortdurend verfyn en herdefinieer word (Hall, 1976, pp. 12–13).

Hantering van fisiese beplanning op hierdie wyse spruit uit 'n toenemende bewuswording daarvan dat stede en streke saamgestel is uit talle subsysteme en as sulks ook deel uitmaak van groter sisteme. Verandering in enige onderdeel van 'n stelsel, hoe gering ook al, kan kettingreaksies aan die gang sit waardeur alle ander dele van 'n groter geheel beïnvloed kan word.

Volgens McLoughlin (1970, p. 95) moet die beplanningsproses 'n soortgelyke vorm aanneem as die menslike ekosisteme wat dit poeg om te beheer. Hy stel dan ook voor dat die beplanningsiklus die menslike gedragsiklus wat betref die ontwikkeling van 'n stad of streek soos voorgestel deur Chapin (1965, p. 33) moet naboots. Dié sikliese proses bestaan basies uit verskillende stappe wat normaalweg opeenvolgend uitgevoer word, waarna die siklus dan onmiddellik herhaal word. Toepassing van kubernetiese beginsels impliseer egter nie die noodwendige herhaling van die totale proses nie maar ook soos benodig herhaling van slegs 'n gedeelte van die proses met aanpassings tot omstandighede wat verander het. Hantering van die proses op hierdie wyse word in die jongste tyd vergemaklik deur die gebruik van reke-

naars en rekenaarstegnicke. Daardeur word moontlikhede geskep vir die vinnige verwerking van gegewens, vinnige projektering van gegewens of selfs die simulering van moontlike situasies wat voorheen bloot weens die arbed en tyd wat dit geverg het onmoontlik was.

DIE STREWES EN OOGMERKE VAN FISIESE BEPLANNING

Fisiese beplanning word, volgens Ratcliffe (1974, p. 3) se interpretasie, deur Thomas Sharpe beskryf as “’n Poging tot die formulering van riglyne in die daarstelling van ’n beskaafde fisiese omgewing, geskik vir menslike lewe”. In eenvoudige terme beskryf Ratcliffe fisiese beplanning dan ook kortliks as synde “gemoeid met die voorsiening van die korrekte perseel op die regte tyd, in die regte plek vir die regte mense”.

Rose (1974, p. 35) noem dat fisiese beplanning tradisioneel gemoeid is met:

- “1. Die gebruik van grond tot die beste voordeel;
2. Die grootste verbetering van fisiese omstandighede verkrygbaar binne die perke van beskikbare hulpbronne ooreenkomstig menslike behoeftes en voorkeure;
3. Omgewings van kwaliteit en aantreklikheid wat die menslike bestaan tuis, by die werk en tydens ontspanning sal verryk en inspireer; en
4. Die bewaring van natuurlike hulpbronne en natuurskoon sowel as die historiese en argitektoniese pogings van die mens wat die moeite werd is”.

Wannop (1972, pp. 159–160) in sy uiteensetting van die strategie wat in Brittanje in die Coventry-Solihull-Warwickshire sub-streekse studie gevolg is, onderskei tussen enkele breë strewes en ’n aantal spesifieke oogmerke van die betrokke studie. Met aanpassings tot besondere omstandighede kan die strewes en oogmerke van toepassing gemaak word op alle stads- en streekbeplanningstake.

Wannop het vier strewes geformuleer:

- “1. Die eerste hou verband met sosiale en ekonomiese aspekte en word gestel as die strewe na ewewig en voorspoed in die substreekse ekonomie gepaard met die grootste mate van maatskaplike welvaart;
2. Die tweede hou verband met die omgewing en word gestel as die strewe na die beste woon- en werksomstandighede in die substreek;
3. Die derde hou verband met keuses en word gestel as die strewe na die daarstelling van die wydste keuse van geleenthede in die substreek; en
4. Die vierde is die strewe na buigsaamheid of die vermoë om aan te pas by verandering met behoud van sosiale en ekonomiese vooruitgang”.

Strewes is veralgemeende stellings waarop geen spesifieke toetse van bereiking toegepas kan word nie. Om die rede word daar ook oogmerke (bereikbare strewes) geformuleer.

Daar bestaan twee groepe oogmerke:

1. Noodsaaklike kwantitatiewe oogmerke wat te make het met aantal wonings, werkgeleenthede, grond beskikbaar, en dies meer; en
2. Onderskeidende oogmerke — die bereiking waarvan sal verskil na gelang die strategieë verskil en wat kwalitatief is.

Wannop (pp. 159–160) stel 'n lys van 20 sodanige oogmerke wat onder andere insluit:

- “1. Die minimisering van die verlies aan goeie landbougrond;
2. Die lokalisering van behuisingsgebiede in aangename omgewings;
3. Die voorsiening van die grootste moontlike keuse van werkgeleenthede aan alle werknemers;

4. Die lokalisering van nuwe paaie sodat dit die grootste moontlike voordeel aan alle padverbruikers bied; en
5. Behoud van die moontlikheid om oor te skakel na 'n nuwe strategie nadat implementering van 'n plan reeds begin het”.

Die aanbevole strategie spruit gewoonlik uit 'n begrip van die ekonomiese, sosiale en fisiese verwantskap. Dit moet nie in 'n voorafbeplande vorm geforseer word nie maar kan verskil na gelang die taak op hande vereis.

DEFINISIES VAN STADS- EN STREEKBEPLANNING

Vir praktiese doeleindes word stads- en streekbeplanning dikwels afsonderlik hanteer. Onderskeid tussen stads- en streekbeplanning moet egter altyd gemaak word met die voorbehoud dat ag geslaan word daarop dat 'n stad deel uitmaak van 'n streek, dat daar 'n voortdurende onderlinge wisselwerking tussen stad en streek plaasvind en dat, soos McLoughlin (1970, p. 96) dit stel, “die probleme wat opduik geïntegreerd en verbandhoudend kan wees”.

Redes vir die afsonderlike hantering van stads- en streekbeplanning is volgens Friedmann (1965, p. 63):

- “1. Die skaal verskil tussen 'n stad en 'n streek;
2. Verskille in die institusionele opset van stede en streke. Dit bring verskille mee in die implementering van openbare beleid wat beïnvloed word deur die begrip en definiëring van relevante probleme in ruimtelike ordening. Op stadsvlak val die klem op fisiese grondgebruiks- en ontwerpprobleme, terwyl op streekvlak die ekonomiese probleme van hulpbrontoedeling en ontwikkeling oorheersend is; en
3. Daar bestaan grondliggende verskille in die benadering tot ruimtelike ordening. Waar stadsbeplanning gegrond is op menslike ekologie,

grondbesparings en estetiese aspekte, het streekbeplanning ontwikkel uit ekonomiese en geografiese teorieë oor onderskeidelik vestiging en sentrale plekke”.

In 'n breë konteks kan stadsbeplanning afsonderlik gedefinieer word soos deur Chapin & Kaiser (1979, p. 63) naamlik as: “Die proses van identifisering en analisering van probleme en die ondersoek en évaluering van keuses waarvoor 'n stedelike gemeenskap in hul navolging van algemene strewes en spesifieke grondontwikkelingsoogmerke, te staan kom”.

Streekbeplanning word deur Friedmann (1965, pp. 61–64) genoem “'n spesiale soort wetenskaplike onderneming. Primêr gerig op die toekoms het dit te make met maatskaplike oogmerke en ruimtelike organisasie”. In dié lig definieer hy dit dan as “'n proses van formulering en verkryging van helderheid oor maatskaplike oogmerke in die ordening van aktiwiteite in supra-stedelike gebiede, dit wil sê in gebiede wat groter is as 'n enkele stad. Hy wys daarop dat “stads- sowel as streekbeplanning gemoeid is met die ordening van ruimte. Waar egter in stadsbeplanning binne-stedelike ruimtes van primêre belang is, val die klem in streekbeplanning op, soos reeds genoem, supra-stedelike gebiede”. Dit sluit uiteraard die lokalisering en voorsiening van ruimtes vir stede in.

Indien stads- en streekbeplanning egter saam beskou word, is die omvattende definisie soos voorgestel deur prof. Potgieter (1979, p. 7) as geldend vir die beplanningskool van die PU vir CHO van toepassing. Dié definisie lui: “Stads- en Streekbeplanning is gemoeid met die ruimtelike en fisiese aspekte van die wisselwerking, intern en onderling, tussen mense, hul omgewing en hul bedrywighede, en dit streef na die optimale ordening van dié ingewikkelde verhoudings”.

DIE BEHOEFTE AAN STADS- EN STREEKBEPLANNING

Volgens Isard en Reiner (1961, p. 19) is daar “verskillende dimensies van fisiese beplanning:

Die eerste dimensie hou verband met administratiewe vlakke: Een vlak

is van nasionale omvang, 'n tweede vlak is van streeksomvang en 'n derde vlak is van stadsomvang.

Die tweede dimensie hou verband met die ekonomie: Die uitsette van nywerhede, die hulpbronne benodig vir vervaardiging, die goedere wat beskikbaar gestel word aan die inwoners van 'n gebied, die inkomste verdien deur die werksmag, beleggings deur firmas en vereis deur die owerheid en ander verbandhoudende elemente.

Die derde dimensie hou verband met die politieke struktuur waaronder 'n gebied funksioneer: Dit vereis begrip van die wyse waarop die inwoners hul behoeftes en begeertes bekend maak, hoe konflik tussen die strewes van verskillende groepe uit die weg geruim kan word en hoe spesifieke beleidsrigtings en programme van aksie vorm kry.

'n Vierde dimensie hou verband met die fisiese omgewing: Grondgebruik en hergebruik van grond, werksreise, behuising en die ruimtelike rangskikking van kulturele ontspannings- en ander fasiliteite in stedelike gebiede".

Met inagneming van dié dimensies geld dieselfde breë beginsels, strewes en oogmerke van fisiese beplanning oral in die wêreld. Elke beplanningstaak stel egter sy eie besondere vereistes. Benewens aanpassings tot die fisiese vereistes moet die beplanner ook elke keer sy strategie aanpas by onder andere die kulturele, maatskaplike en ekonomiese agtergrond en samestelling van die nasie, volk, gemeenskap of groep vir wie beplan word asook by die waardesisteme wat vir hulle geld. Elke taak wat op die terrein uitgevoer word kan dus ook beskou word as 'n navorsingstaak wat oor 'n redelike wye veld strek.

In Suid-Afrika met sy besondere samestelling en verspreiding van mense en sy besondere bedeedheid en verspreiding van ander hulpbronne is daar verskeie aspekte wat die voortdurende aandag van fisiese beplanners verg.

Die huidige proses van verstedeliking dra enersyds by tot 'n samedromming van mense en aktiwiteite in die groter sentrums in die land en het andersyds 'n ontvolking van die platteland sowel as die kleiner dorpe op die

platteland tot gevolg. Dit insigsself skep probleme waarmee die fisiese beplanner terdeë gemoeid is. In die groter sentrums lei dit tot 'n behoefte aan uitbreiding wat slegs deur vroegtydige fisiese beplanning op 'n ordelike wyse kan geskied. In die kleiner dorpe lei dit tot 'n behoefte aan inkrimping wat ook fisiese beplanning verg. Indien hierby in ag geneem word dat die stedelike behoeftes van die verskillende bevolkingsgroepe verskil na gelang hul kulturele agtergrond asook hul ekonomiese ontwikkelingspeil verskil kan begryp word dat die ruimtelike voorsiening vir elkeen van die groepe ook besondere aandag van beplanners verg. In die verband bestaan daar ook die bykomende strewe om deur middel van die skepping van behoorlike ruimtelike ordeningspatrone goeie volkere verhoudings te kan bewerkstellig en te kan handhaaf.

Die willekeurige samedromming van mense en ekonomiese aktiwiteite in enkele groot sentrums in die land het reeds gelei tot die situasie van oneweredige verspreiding van mense en aktiwiteite en gevolglike agtergeblewenheid van sommige dele of streke van die land. Ook in dié verband het die fisiese beplanner die taak om saam met die ekonomiese beplanner die owerheid te adviseer oor nuwe ontwikkelingspatrone wat ongewenste situasies kan teenwerk en/of regstel.

Terselfdertyd word fisiese beplanners benodig om by te dra tot die herontwikkeling van dele van ouer stede wat om verskeie redes soos onder andere die onvermoë om tred te hou met tegnologiese en ander ontwikkelings agteruitgegaan en vervalde geraak het.

Daar bestaan werkgeleenthede vir fisiese beplanners in die private sektor sowel as in die owerheidsektor. Plaaslike owerhede, Provinsiale owerhede en die Sentrale owerheid ondervind tans 'n nypende tekort aan gekwalifiseerde stads- en streekbeplanners. Hierdie tekort kan deels toegeskryf word aan die gebrek aan beurse wat voorheen bestaan het en die swak salarisse wat deur die owerheidsektor aangebied is. Dit het menige voornemende student afgeskrik en ook menige gekwalifiseerde beplanner genoodsaak om hom tot die privaatsektor te wend bloot omdat dit vir hom beter bestaansmoontlikhede gebied het. Die tekort kan egter ook deels toegeskryf word aan 'n groter vraag na beplanners weens 'n toenemende

bewuswording onder verantwoordelike persone dat vir die tempo en die aard van ontwikkeling wat die land tans ondervind, doelgerigte beplanning nodig is en die gevolglike skepping van meer poste vir persone wat sodanige beplanning kan behartig.

Weens die multidissiplinêre aard van hul opleiding is gekwalifiseerde Stads- en Streekbeplanners egter ook in staat om in 'n koördinerende en adviserende hoedanigheid vir instansies van uiteenlopende aard waardevolle diens, veral wat betref ontwikkelingsaangeleenthede, te lewer. Trouens, van die afgestudeerde studente van die Departement Stads- en Streekbeplanning van die PU vir CHO lewer reeds sodanige dienste aan verskeie organisasies.

DIE OPSET IN DIE DEPARTEMENT STADS- EN STREEKBEPAN- NING

Aan die PU vir CHO het die eerste groep beplanningstudente reeds in 1969 afgestudeer. In totaal is aan hierdie universiteit tot op datum 138 Baccalaures-grade, drie Meestersgrade en een Doktorsgraad aan studente in die rigting toegeken.

In die Departement Stads- en Streekbeplanning is in die verlede en word steeds voortdurende aandag verleen aan take wat betref onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens. In die uitvoering van die take word die beginselgrondslag en die algemene beleid van die PU vir CHO steeds nagestreef.

Die onderrig is ingestel op die opleiding en vorming van mense wat:

1. In alle opsigte behoorlik in staat sal wees om die lewensomstandighede van die mens en sy werksaamhede in verskillende ekonomiese en maatskaplike situasies en ruimtelike verband te verstaan en te ontleed en voorstelle te doen in die optimale ordening daarvan; en
2. Wat by voltooiing van die kursus bekwaam sal wees om as professionele stads- en streekbeplanners op te tree volgens die beginsel-

grondslag van die universiteit en die etiese norme van die beroep.

Om dit te kan doen, word die spesifieke oogmerke van die Departement gestel as die opleiding van mense om:

1. Verwante dissiplines te begryp en met deskundiges op dié terreine saam te werk;
2. 'n Taak logies aan te pak en sistematies deur te voer;
3. Die vermoë aan te kweek om ingewikkelde situasies tot hul samestellende elemente te ontleed en om daaruit nuwe sinteses op te bou in ooreenstemming met die voorgenoemde ingesteldhede of breë strewes;
4. Selfstandig te dink;
5. Met die publiek en kliënte te kan kommunikeer deur middel van woord en visuele voorstellings;
6. Die natuur lief te hê en die ekologiese balans te handhaaf.

Die personeel en die studente (veral die vierdejaar studente in die tweede semester) van die Departement word ook betrek in die werksaamhede van die Instituut vir Streekbeplanning wat self oor geen voltydse personeel beskik nie.

Die Instituut fungeer onder sy eie deeltydse direkteur en vorm die kanaal waardeur die navorsingsfunksie en die gemeenskapsdiens wat deur die Departement vervul word, hanteer word.

Die werksaamhede van die Instituut behels:

1. Navorsing oor probleme wat die gemeenskap op beplanningsgebied ondervind en die soeke na moontlike oplossings daarvoor; en

2. Die lewering van konsulerende dienste aan individue en instansies wat daarvoor vra (Departement Stads- en Streekbeplanning, 1981).

SLOTOPMERKINGS

Ten slotte kan dit gestel word dat 'n persoon wat fisiese beplanning behoorlik wil beoefen:

'n Goeie teoretiese agtergrond van die vakgebied met kennis van verwante vakrigtings moet hê;

Vertroud moet wees met die grondslae, filosofie en denkwyse wat beoefening van die beroep vereis;

Moet beskik oor die nodige praktiese vaardighede;

In staat moet wees om nederigheid gepaard met beslistheid aan die dag te lê in die motivering van voorstelle; en

Deurentyd bewus moet wees daarvan dat die uitvoeringsvan so 'n taak 'n roeping is waarin 'n mens voortdurend ook te make het met die uitvoering van die opdragte van God.

Enersyds omdat dit gemoeid is met voorstelle rakende die aanwending van hulpbronne wat die Skepper beskikbaar gestel het en dit dus tot Sy eer moet geskied en andersyds omdat dit gemoeid is met voorstelle rakende die daarstelling van omgewings waarin die mens gelukkig kan woon, werk en ontspan en dit dus gepaard moet gaan met naasteliefde.

Die is dan ook 'n strewe van die Departement Stads- en Streekbeplanning om mense op te lei wat hul taak op hierdie wyse sal uitvoer.

BRONNE

- BELL, COLIN & ROSE (1972). *City Fathers: The early history of town planning in Britain*. Middlesex: Penguin Books Ltd.
- BRUTON, M.J. (1974). Introduction: General planning and physical planning. *In*: BRUTON, M.J. (1974). *The spirit and purpose of planning*. London: Hutchinson & Co.
- CHAPIN, F.S. (1965). *Urban land use planning*. Urbana, Chicago, London: University of Illinois Press.
- CHAPIN, F.S. & KAISER, E.J. (1979). *Urban land use planning*. Urbana, Chicago, London: University of Illinois Press.
- Departement Stads- en Streekbepanning (1981). *Ongepubliceerde Deelplan*. Potchefstroom: PU vir CHO.
- FRIEDMANN, J. (1965). Regional planning as a field of study. *In*: FRIEDMANN, J. & ALONSO, W. (1965). *Regional development and planning — a reader*. Cambridge Massachusetts: The MIT Press.
- GEDDES, Sir Patric (1968). *Cities in evolution*. London: Benn.
- GLIKSON, A. (1955). *Regional planning and development*. Leiden: A.W. Sijthoff's Uitgeversmaatschappij N.V.
- HALL, P. (1976). *Urban and regional planning*. Middlesex: Penguin Books Ltd.
- ISARD, W. & REINER, T. (1961). Regional and national planning and analytical techniques for implementation. *In*: ISARD, W. & CUMBERLAND, J.H. (1961). *Regional economic planning techniques of analysis*. Paris: Organisation for economic co-operation and development.

- MALLOWS, Prof. E.W.N. (1971). The spiritual content of planning technology. *In: Die beplanningstudent en sy toekomstige beroep* (1971). Potchefstroom: PU vir CHO.
- McLOUGHLIN, J.B. (1970). Urban and regional planning: a systems approach. London: Faber and Faber.
- POTGIETER, F.J. (1979). Beplanning as veld van Christelike wetenskapsbeoefening. Ongepubliseerd.
- RATCLIFFE, J. (1974). An introduction to town and country planning. London: Hutchinsons Educational Ltd.
- ROSE, E.A. (1974). Philosophy and purpose of planning. *In: BRUTON, M.J. (1974). The spirit and purpose of planning.* London: Hutchinson & Co.
- WANNOP, N.A. (1972). An objective strategy. The Coventry-Solihull-Warwickshire Sub-Regional Study. *Journal of the Royal Town Planning Institute.* Volume 58. November 4, April 1972. pp. 147-167.

BYLAE A

Die opeenvolgende stappe waarvolgens die beplanningsproses uitgevoer kan word:

1. Die identifisering en formulering van die probleem in breë trekke;
2. Die formulering van algemene strewes en spesifieke oogmerke wat bereik moet word ter verwesenliking van die strewes;
3. Die insameling van relevante inligting;
4. Die verwerking en ontleding van dié inligting, die projektering van sekere toepaslike gegewens en 'n duidelike analitiese weergawe daarvan;
5. 'n Sintese van die verwerkte gegewens waartydens die wisselwerking tussen sekere aspekte sowel as die tekortkominge en beperkings in die betrokke gebied bepaal word;
6. Die ontwikkeling van alternatiewe planvoorstelle of strategieë om die tekortkominge uit te skakel, die beperkings te bowe te kom en voorsiening te maak vir toekomstige behoeftes;
7. Die evaluering van die alternatiewe planne in die lig van die strewes en oogmerke asook die beskikbare middele vir die uitvoering daarvan;
8. 'n Keuse oor die strategie wat gevolg moet word;
9. Voortdurende hersiening, terugkoppeling en aanpassings tot veranderde omstandighede.

BYLAE B

VOLLEDIGE LYS VAN DIE BEPLANNINGSOOGMERKE SOOS GESTEL DEUR WANNOP (1972, PP. 159—160)

- a. Die bewaring van gebiede met aantreklike landskap.
- b. Die minimalisering van verlies aan goeie landbougrond.
- c. Om die koste van geriewe en ontwikkelingsdienste so laag as moontlik te hou.
- d. Om verlies aan ontginbare minerale hulpbronne te voorkom.
- e. Om nuwe behuisingsgebiede in aangename omgewings te lokaliseer.
- f. Om 'n keuse van woonerwe aan voornemende eienaars te voorsien.
- g. Om fisiese versteuring van bestaande ontwikkeling te voorkom.
- h. Om nuwe ontwikkeling weg van geraas- en lugbesoedlungsgebiede te laat plaasvind.
- i. Om die grootste moontlike keuse van werkgeleentheid aan alle werknemers te voorsien.
- j. Om besondere aandag te verleen aan gebiede waar bestaande nywerhede kwyn.
- k. Om aan alle ondernemings die grootste moontlike keuse van arbeid te voorsien.
- l. Om aan alle inwoners die grootste moontlike geleentheid te bied om te gaan werk.

- m. Om die grootste moontlike toeganklikheid tot alle inkoopentrums te bied.
- n. Om nuwe paaie so te plaas dat dit die grootste moontlike voordeel aan alle padverbruikers bied.
- o. Om die grootste moontlike geleentheid te bied aan openbare vervoer-dienste.
- p. Om die grootste moontlike keuse van tipes vervoer te bied.
- q. Om in staat te wees om vinniger of stadiger groeikoerse te hanteer.
- r. Om voorbereid te wees op onverwagte gebeurtenisse.
- s. Om ontvanklik te wees tot verandering in sosiale waardes.
- t. Om in staat te wees om oor te skakel na 'n ander strategie nadat die implementering reeds begin het”.